LAERSKOOL
EIKESTAD

Graad R Prospektus

Visie en Missie

Om waarlik skool te wees vir ons kinders, wil Laerskool Eikestad:

- Christelik gefundeerde waardes bevorder;
- ‘n skool daarstel wat vir elke kind die beste geleentheid skep om ten volle as mens te vorder;
- hoë onderwysstandaarde uitbou;
- ‘n toegeruste en gemotiveerde onderwyskorps verseker;
- noue skakeling met die ouerkorps bewerkstellig;
- gebalanseerde kulturele en sportbedrywighede aanbied;
- goeie fisiese fasiliteite en geriewe daarstel.

Verwelkoming

Dit is vir ons aangenaam om u as ouer(s) by ons skool te verwelkom. Ons vertrou dat u, sowel as u kind, aktief sal deelneem aan die aktiwiteite en geleenthede wat die skool bied en dat dit ‘n genotvolle jaar sal wees. Met die oog op die missie en die bereiking van ons doelwitte, het ons u volle ondersteuning nodig. Ons sal u op hoogte hou van alle aktiwiteite en u is enige tyd welkom om ons te besoek en/of enige probleem aangaande u kind met ons te bespreek. Ons is beskikbaar om u te help en dit ‘n spesiale tyd in u kind se lewe te maak.

Eikestad Graad R bied die volgende:

1. Afrikaans as voertaal
2. Uitmuntende standaarde
3. ‘n Wye verskeidenheid bedrywighede: mini-krieket, tennis en vaardigheids-ontwikkeling (somer), netbal, rugby, hokkie (winter) en talle privaataksies.
4. Klem op kreatiewe denke en probleemoplossingsvaardighede
5. Uitstekende rekenaarsentrum
6. ‘n Holistiese benadering word gevolg met spesifieke verwysing na geestelike norme en waardes, sosiale vaardighede, emosionele ontwikkeling, fisiese ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling en taalontwikkeling.

Algemene inligting

Aankoms

Ouers mag die leerders vanaf 07:15 by die skool aflaai.

Afhaal van leerders om 13:00 vanaf Maandae tot Donderdae en Vrydae om 12:30.

Die veiligheid van ons kinders is vir ons eerste prioriteit. Die leerlinge word by die hoofhek van die skool afgehaal. Leerders moet asseblief stiptelik om 13:00 afgehaal word. Onderwyseresse het verpligtinge t.o.v. skool- en sportaktiwiteite asook vergaderings na skoolure en kan dus nie die verantwoordelikheid vir leerders wat op die terrein is, aanvaar nie.

Ouers is self verantwoordelik vir die organisasie van saamryklubs.

Allergieë

Indien u kind 'n allergie vir 'n sekere kossoort het, bv. neute of allergies is vir bysteke, pleisters, ens. moet u so gou moontlik die klasonderwyser daarvan in kennis stel.

Kontakbesonderhede

Adres: Doornboschstraat, Stellenbosch, 7600

Telefoonnommer: 021 887 4610 of 021 887 4612

E-pos adres: eikestad@eike.co.za

Klasorganisasie

1. Benodigdhede

- ‘n Tydelike sak met ‘n gesonde kosblik en water/sap (Vrydae: soetdag)
- Leerders ontvang in Februarie ‘n Eikestadsak. Hierdie sak kan gebruik word as ‘n tas in graad R.
- ‘n Ekstra stel klere vir die wis en die onwis
- ‘n Waterbeker met ‘n handvatsel (gemerk asb.)
- 3 x A4-plastiekkoeverte vir hul Huistaal- en Wiskundewerk en hul “posbus” (gemerk asb.)
- Buisie sonbrandroom
- Een boks sneesdoekies
- Een botteltjie handewasseep

Alle skryfbehoeftes word deur die skool aangekoop.
Alle items van u kind moet asb. gemerk wees.

2. Jaarprogram

- **Ouerbraai**
  ‘n Ouerbraai vir al die ouers, personeel en leerders van Laerskool Eikestad word aan die begin van die eerste kwartaal gehou.
- **Valentynsdag, Lentedag en Paasfees**
  Leerders geniet ‘n lekker dag saam in hul onderskeie klasse.
- **Graad R-ouerpiekniek**
  Ouers en leerders leer ken mekaar op ‘n gesellige wyse.
- **Konsert**
  Ons bied jaarliks ‘n konsert aan. Al die graad R-leerders kry die geleentheid om hieraan deel te neem.
- **Ontmoetingsgeselligheid**
  Graad R-leerders ontmoet hulle graad 1-juffrou.
- **Sertifikaatoorhandiging**
  Voltooiing van graad R-jaar.

3. Skoolbywoning

Kinders wat siekerig is, of aan ‘n aansteeklike toestand ly, moet liefs tuis versorg word totdat hulle gesond is. Indien die kind vir ‘n dag of langer afwesig is, moet u ons asseblief so spoedig moontlik in kennis stel.

4. Uitstappies

Daar word deur die jaar uitstappies gereël. Dit hou verband met die werk wat gedoen word en is dus verrykend en baie opwindend. Ons reël ook deurlopend instappies wat ons temas aanraak.

5. Kleredrag

Trek ou klere aan skool toe. Let asseblief daarop dat die naam van u kind op alle kledingstukke aangebring moet word. Kosblikke, waterbottels, ens. moet duidelik gemerk wees. Elke leerder moet asb. ‘n ekstra stel klere saamstuur skool toe en in sy/haar tassie hou vir die wis en die onwis.

Alle verlore klere sal in die graad R-houtkis gebêre word.

6. Verversings

U word versoek om toe te sien dat u kind se kospakkies nie oorlaai word met lekkernye wat hulle nie kan behartig nie. Droë vrugte, vars vrugte, vrugtesap (vermy gaskoeldranke) en bruin of volgraanbrood bly gesonde hongerstillers. Bogenoemde geld nie vir verjaarsdae nie. Vrydae is egter ‘n ‘soet’-dag.

7. Vorderingsverslag

Deurlopende assessering word gedoen. Vorderingsverslae word kwartaalliks uitgegee. Ouergesprekke vind vir alle ouers in die eerste kwartaal plaas.

8. Ouer-kind-verhouding en ondersteuning

Ouers moet asseblief nie huiwer om leiding te vra nie. Ons onderwyseresse het almal uitstekende opleiding en genoeg ervaring om te kan help. Die skool sal, as dit nodig blyk, ouers kontak i.v.m. probleemareas.

9. Speelgoed

Leerders mag storieboeke, ens. wat betrekking het op temas saambring vir wys-en-vertel op Vrydae. Hulle word egter nie toegelaat om eie speelgoed, plakkers, ens. saam te bring nie. Dit veroorsaak onenigheid onder mekaar, raak weg of breek.

10. Afval en rommel

Papier is altyd bruikbaar. Rolle papier en A4-papier word altyd gebruik. Laat weet asseblief indien u bruikbare afval kan kry, bv. tou, knope, materiaal, wol, sagtehout, ens. Stuur asb. ook tydskrifte en ou koerante.

11. Verjaarsdae

Ouers is welkom om verversings aan die klasmaats te voorsien. Reël asb. met die onderwysers om oorvleueling te voorkom.

12. Webblad en kommunikasie

Ouers kan hier gaan loer vir enige nuwe inligting rakende die skool. (www.eike.co.za) Daar is Whatsapp-groepe vir elke klas, asook ‘n Whatsapp-groep vir Laerskool Eikestad. Maak seker dat u ook die D6 aflaai om ingelig te bly.

Orde-kode vir graad R-ouers van Eikestad

1. Deur die **handhawing van die onderwysers se gesag** en die onderskraging van die kind se vertroue in die onderwyser, ondersteun die ouers die opvoedingsgebeure.
2. Ouers en onderwysers moet **as vennote saamwerk** om verwarring by die kind te voorkom in die strewe na eenvormige opvoeding. Wedersydse en **volgehoue kommunikasie** speel dus 'n sleutelrol. Dit word egter beklemtoon dat die ouers steeds te alle tye die primêre opvoeders van die kinders is.
3. Ter wille van die **skepping van 'n goeie opvoedingsklimaat** word ouers versoek om onderstaande te respekteer:
    - Alle besoeke aan 'n klaskamer of onderwyser gedurende skooltyd, moet deur die kantoor gereël word.
    - Bespreking van 'n leerder met onderwysers moet nie in kinders se teenwoordigheid plaasvind nie.
    - Bespreking van onderwysers in die teenwoordigheid van kinders ondermyn nie net die gesag van onderwysers nie, maar is ook uiters afbrekend vir die opvoedingsklimaat in die skool.
    - 'n Positiewe gesindheid teenoor die skool en personeel dra by tot die positiewe gesindheid van die kind.

Laerskool Eikestad
Waardes:

Omgee

Integriteit

Verantwoordelikheid

Respek

Eerlikheid